

2026

BANKKOSTEVERSLAG



’n Vergelykende ontleding van die
koste van persoonlike
transaksierekeninge
by vyf Suid-Afrikaanse banke

VRYWARING

Geen deel van hierdie verslag is bedoel as amptelike finansiële advies aan enige individu of groep nie. Solidariteit en/of verwante organisasies of instellings aanvaar geen verantwoordelikheid vir die wyse waarop enige deel van hierdie verslag gebruik word nie.

Ofskoon alles moontlik gedoen is om inligting wat deur banke in hulle prysliteratuur verskaf is akkuraat oor te dra, kon daar moontlik foute ingesluit het in die transkripsie en/of vertolking van die data. Daarbenewens werk banke gereeld hulle kostestruktuur by. Solidariteit en/of verwante organisasies of instellings waarborg nie die akkuraatheid van die data nie en aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige gevolge wat onakkurate data moontlik kan hê nie.

Inhoudsopgawe

Inleiding	4
1. Metode en vergelyking van transaksieprofiele	5
1.1 Lae inkomste en taamlik basiese bankbehoefte	7
1.2 Suiwer aanlyn bankbehoefte	8
1.3 Middelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefte	9
1.4 Hoërmiddelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefte	10
2. Toegevoegde waarde	11
Aanhangsel A – Bykomende inligting oor metode en benadering	13

Inleiding

Die metodologie wat gebruik word om rekeninge te vergelyk, is vanjaar weereens onveranderd gelaat. Solidariteit is deur die loop van die jaar gereeld gevra of sekere aanpassings nie aan die profiele gemaak moet word om die veranderende bankwese te weerspieël nie. Van die voorstelle het ingesluit om kontanttransaksies verder te verminder en om die “stuur geld”-transaksie sowel as internetbankbetalings met PayShap-betalings te vervang. Kontanttransaksies maak reeds ’n relatief klein deel van die onderskeie profiele uit en omdat dit van die min transaksies is waar wesenlike kosteverskille voorkom, is daar besluit om dit onveranderd te laat.

Wat PayShap betref, het Solidariteit ’n klein steekproef gedoen. Daarin het ons bevind dat baie verbruikers steeds nie bewus is van hierdie betalingsmetode nie, hoewel banke aan ons bevestig het dat PayShap-transaksies reeds gewild is en steeds in gewildheid toeneem. Omdat internetbankbetalings op die meeste rekeninge gratis is en PayShap nie, sou dit nie sin maak om dit vir PayShap-transaksies te verruil nie. So ook kan betalings na mense sonder bankrekeninge nie deur PayShap vervang word nie. Die opsteller van die verslag stem saam dat PayShap ’n uiters doeltreffende betaalmetode is wat onmiddellike betalings kan vervang en dit sal beslis deel uitmaak van volgende jaar se verslag.

Uit vanjaar se verslag is dit weereens duidelik dat die Solidariteit Bankkosteverslag ’n beduidende invloed op die bankwese het. Nadat ’n vorige jaar se verslag

melding gemaak het van onduidelikheid in baie van die banke se fooiebrosjures, het verskeie banke met ons geskakel, en daar is ’n merkbare verbetering in die uitleg van brosjures. Oor die algemeen is brosjures nou korter, beter uitgelê en aansienlik meer verstaanbaar vir die deursneegebruiker. Ons hoop alle banke sal voortgaan om aandag hieraan te skenk.

Wat koste betref, is dit ook duidelik dat banke toenemend meeding om hul koste so laag as moontlik te hou. Daar is nie meer uitskieters wat baie duurder as ander banke is nie, en in sommige gevalle is daar duidelike afnames in koste vergeleke met verlede jaar.

In vanjaar se verslag vergelyk ons ook toegevoegde waarde en bykomende voordele wat deel uitmaak van banke se aanbod. Hoewel baie van hierdie waardetoevoegings deel is van die banke se beloningsprogramme, sou dit onmoontlik wees om die volle omvang van beloningsprogramme te dek. Daarom word slegs direkte voordele, wat nie aan vlakke op die program gekoppel is nie, hier gemeld. Omdat baie van hierdie voordele onderworpe is aan sekere vlakke wat op die beloningsprogram bereik word, is slegs direkte voordele wat aan almal met die rekening beskikbaar is in ag geneem. Voorts is net die voordele wat direk geadverteer word in ag geneem. Dit kon dus gebeur dat sekere waardetoevoegings nie gemeld is nie. Die uitgangspunt wat met die bankkosteverslag gevolg word, was nog altyd dat ons net inligting hanteer wat aan alle verbruikers beskikbaar is, en daardie reël is ook in hierdie ontleding toegepas.



Solidariteit se jaarlikse bankkosteverslag ontleed slegs gewone transaksieprofile – rekeninge wat vir enige lid van die publiek beskikbaar is. Dit beteken dat rekeninge vir die jeug, studente, bejaardes en spesifieke geloofsgroepe en private bankrekeninge nie gedek word nie. Dit sluit ook nie rekeninge in waar minimum of maksimum maandelikse inkomste gespesifiseer word nie, tensy dit die enigste in die kategorie is wat deur 'n spesifieke bank aangebied word. Sommige rekeninge wat nie volledige bankdienste dek nie, soos dié wat byvoorbeeld nie debietorders toelaat nie, is hiervan uitgesluit. Die koste van kredietgeriewe – in die vorm van kredietkaarte, oortrokke fasiliteite, voertuigfinansiering, huislenings en persoonlike lenings – word gevolglik ook nie deur die verslag gedek nie. By van die bondelrekening wat op die hoërinkomstegroepe gerig is, word sulke dienste, of afslag daarop, in die pakket ingesluit. Al meer bondelrekeninge sluit ook voordele in wat voorheen slegs vir kredietkaarthouers beskore was,

soos lewensversekering en afslag op sekere produkte en dienste, sowel as toegang tot banke se beloningsprogramme. Hierdie toegevoegde waarde word ook nie in die verslag bespreek nie. Verbruikers moet daarom seker maak hulle weet waarvoor hulle alles betaal en probeer om so veel as moontlik waarde uit hulle pakkette te kry.

Die transaksieprofile is in 2024 aangepas en is vanjaar weer onveranderd gelaat. Om die goedkoopste moontlike transaksie-opsies weer te gee, is boodskappe aan begunstigdes aangepas om, waar beskikbaar, e-poskennisgewings eerder as SMS'e weer te gee omdat eersgenoemde gewoonlik gratis of ten minste goedkoper is. SMS-kennisgewings is ook na transaksiekennisgewings verander omdat al die banke nou die opsie bied om kennisgewings gratis deur die bank se selfoontoepassing te ontvang. Dit is ook in bykans alle gevalle gratis.

Die volgende transaksieprofile is vir die onderskeie ontledings gebruik:

	12 transaksies	17 transaksies	14 aanlyn transaksies	25 transaksies	30 transaksies
Maandelikse administrasiegelde	1	1	1	1	1
Stuur geld onder R500	1	1	2	2	3
Trek kontant by verkooppunt	2	2	0	2	2
Trek by eie kitsbank (R500)	0	1	0	1	1
Trek by eie kitsbank (R1 000)	0	0	0	1	2
Trek by eie kitsbank (R1 500)	0	0	0	1	1
Koop voorafbetaalde elektrisiteit (R1 000)	1	1	1	1	1
Saldonavraag by eie kitsbank	0	0	0	1	1
Koop voorafbetaalde lugtyd	1	2	2	2	2
Internetbankbetaling	2	3	5	5	6
Geskeduleerde betaling (intern)	1	1	0	1	1
Geskeduleerde betaling (ekstern)	1	1	0	1	1
Debietorder (intern)	1	2	0	3	4
Debietorder (ekstern)	2	3	4	4	5

Hoewel sommige banke inkomstevlakke vir verskillende rekeninge voorskryf, is die gebruikersprofiel nie volgens inkomstevlak saamgestel nie, maar eerder volgens die aantal transaksies vir elke profiel. Die aantal transaksies wat elke gebruiker in 'n gegewe maand doen, behoort met inkomstevlakke ooreen te stem – goedkoper bankrekeninge word dus by lae transaksieprofiel gebruik en duurder bankrekeninge by hoër profiel. Hoewel dit na raming die koste-effektiefste rekening vir die voorgestelde kategorie sal wees, is elke verbruiker se behoeftes uniek en kan daar uitsonderings op hierdie riglyne wees.

Soos in die verlede is die transaksierekening saamgestel aan die hand van riglyne wat ooreenstem met die besparingswenke wat banke op hulle webwerwe en in promosiemateriaal verskaf. Hierdie riglyne sluit in:

- min kontantonttrekkings en geen kontantdeposito's nie;
- min of geen kontantonttrekkings by kitsbanke nie, eerder by winkeltoonbanke;
- geen besoeke in persoon aan 'n tak nie – transaksies word eerder deur internetbankdienste, veral deur die bank se toepassing, gedoen;
- waar aankope, soos lugtyd- en elektrisiteitsaankope, gedoen word, word dit via aanlyn platforms soos die bank se selfoontoepassing gedoen; en
- die gebruik van selfoontoepassingkennisgewings eerder as SMS-kennisgewings, sowel as e-



poskennisgewings eerder as SMS-kennisgewings wanneer bewyse van betalings aan begunstigdes gestuur word.

Hierna volg 'n vergelyking van die maandelikse bankkoste van gebruikers met verskillende gebruikersprofiel by verskillende banke en met 'n transaksierekening wat die geskikste is vir die profiel. Die rekening en opsies wat in die verslag gedek word, is in vier kategorieë opgedeel. Hierdie vier kategorieë stem ooreen met die kategorieë wat in vorige verslae gebruik is, met die toevoeging van suiver aanlyn bankdienste wat sedert 2023 ingesluit word.

1. Rekening wat bemark word aan mense met 'n lae inkomste en taamlik basiese bankbehoefte (profiel met 12 en 17 transaksies per maand)
2. Rekening wat, ongeag hoe dit bemark word, slegs vir aanlyn transaksies gebruik word (14 kontantvrye en kontakvrye transaksies)
3. Rekening wat bemark word aan mense met 'n middelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefte (profiel met 25 transaksies per maand)
4. Rekening wat bemark word aan mense met 'n hoërmiddelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefte (profiel met 30 transaksies per maand)

Hieronder volg 'n grafiese opsomming van die verskillende kategorieë tesame met 'n meer gedetailleerde ontleding van die opsies in die verskillende kategorieë.





Absa se Transact-rekening is weereens vanjaar die goedkoopste vir kliënte wat taamlik basiese bankbehoefte het. Die primêre rede hiervoor is dat Absa meer gratis transaksies in hierdie afdeling insluit, onder meer om een gratis oorbetalings na 'n persoon sonder 'n bankrekening in te sluit. Oor die algemeen is dit een van die duurste transaksies, en spaar 'n verbruiker met die profiel wat ontleed word omtrent R10 per maand danksy dié gratis oorbetalings. Absa en Nedbank is ook die enigste banke in hierdie kategorie

wat gratis geskeduleerde betalings aanbied, terwyl Absa en FNB die enigstes is wat gratis interne debietorders aanbied.

As koste met dié van verlede jaar vergelyk word, het Capitec en Nedbank afnames in koste getoon, terwyl die ander banke opwaartse aanpassings aan hul pryse gemaak het. In alle gevalle is die toename in koste egter laer as inflasie en is verbruikers van alle banke dus beter daaraan toe as 'n jaar gelede.

1.2


Suiwer aanlyn bankbehoefte

In hierdie afdeling word dieselfde rekeninge as in die vorige afdeling ontleed. Hier word egter aangeneem dat geen kontanttransaksies gedoen word nie en dat alles aanlyn geskied.

Soos verlede jaar is Bank Zero beduidend goedkoper as ander banke, met Tymebank wat effens duurder, maar steeds baie goedkoper as die tradisionele banke is.

By al twee hierdie banke is bykans alle transaksies gratis. Die enigste kostedraende transaksie by Bank Zero is wanneer geld na 'n selfoonnommer gestuur word.

By Tymebank is die enigste kostedraende transaksies ook om geld na 'n selfoonnommer te stuur, sowel as om voorafbetaalde lugtyd en elektrisiteit te koop.



1.3


Middelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoeftes

Hierdie afdeling ontleed banke se vlagskip-rekeninge wat aan hulle kernkliëntebasis bemark word. Met die uitsondering van Capitec is alle rekeninge bondelrekeninge wat talle transaksies by die maandelikse administrasiefooi insluit. Hoewel Capitec se aanbod, wat toegevoegde waarde betref, nie werklik vergelykbaar is met dié van ander banke nie, word dit steeds ingesluit omdat Capitec gewild bly onder baie kliënte in hierdie marksegment. Wat ook merkwaardig is, is dat Capitec die enigste bank in hierdie kategorie is wat sy koste verlaag het. Teen R87,50 is Capitec nie net die goedkoopste in die kategorie nie, maar ook R20 goedkoper as verlede jaar.

As daar suiwer gekyk word na banke wat wel wesenlike toegevoegde waarde bied, is Nedbank se MiGoals


Plus-rekening vanjaar weer die goedkoopste. Nedbank sluit meer gratis transaksies in as ander banke en het ook die laagste maandelikse administrasiefooi van slegs R99 teenoor Absa se R115 en FNB en Standard Bank se R120. Die verskil in koste in hierdie segment is egter relatief klein as die totale mandjie vergelyk word.

Dit is ook opvallend dat die verskil in koste toenemend krimp. Standard Bank het sy MyMo Plus-rekening met sy ACHIEVA-bondelrekening vervang. Dit was egter nie net 'n naamsverandering nie, maar ook 'n totale omwenteling in Standard Bank se aanbod omdat hulle koste nou perfek in ooreenstemming is met die koste van FNB en Absa.



1.4


Hoërmiddelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoeftes



Die gebruikersprofiel met 30 transaksies per maand word vir hierdie vergelyking gebruik. Rekeninge in hierdie kategorie is veel meer gefokus op toegevoegde waarde en beloningsprogramme eerder as suiwer op koste. Die doel van ons verslag is egter om koste te vergelyk en verbruikers word dus aangemoedig om vas te stel of die toegevoegde waarde die ekstra koste regverdig.

In hierdie kategorie is Nedbank se MiGoals Premium-rekening die goedkoopste teen 'n totale koste van R262,00. Buiten die maandelikse administrasiefooi van R250,00 is die stuur van geld na 'n selfoonnommer die enigste kostedraende transaksie.

In hierdie segment is koste waarskynlik nie so belangrik soos in van die ander segmente nie. Dit is egter steeds opvallend dat prysverhogings in hierdie segment by al die banke relatief eenvormig is, naamlik in die omgewing van R20,00 by elkeen. Standard Bank se verhoging in koste was effens laer as dié van die ander banke, hoewel dit steeds die duurste rekening in hierdie kategorie is. kan word.



Soos die verslag aandui, het bankkoste toenemend meer eenvormig geword. Daar is nog wesenlike prysverskille, maar geen bank is meer drasties uit pas met hoe hoog of hoe laag sy bankkoste is nie. Daar is egter wel steeds wesenlike verskille in banke se toegevoegdewaarde-aanbod.

Die grootste toegevoegdewaarde-item by die meeste banke is hulle beloningsprogramme. Hierdie programme is egter uiters kompleks en dit is onmoontlik om hulle met mekaar te vergelyk of om die programme selfs individueel te ontleed sonder om 'n baie skeefgetrekte interpretasie, gebaseer op onvergelykbare aannames, te maak. Daarom word daar in hierdie verslag slegs gekyk na waarde wat direk by die rekening ingesluit is en vir almal op die rekening, ongeag hulle vlak op die beloningsprogram, beskikbaar is.

Dieselfde kategorieë as in die hoofontleding word vir hierdie ontleding gebruik.

Lae inkomste en taamlik basiese bankbehoeftes

Nedbank MiGoals bied 50%-afslag by Nu Metro en toegang tot gratis spaarrekinge aan.

Absa Transact is die enigste basiese rekening by 'n voldiensbank wat volkome toegang tot die bank se beloningsprogram op basiese rekeninge aanbied. Verder bied Absa ook beskerming teen digitale bedrog en lewensdekking van R5 000,00 as deel van die bank se administrasiefooi.

FNB Easy PAYU bied die aankoop van vier brode per maand teen 99c by Pick n Pay aan, sowel as die geleentheid om maandeliks te kwalifiseer vir 'n R25-koopbewys by Pick n Pay en vir 'n kliniekoopbewys van R80,00 elke drie maande by Clicks.

Standard Bank se MyMo-rekening bied 'n gratis testament asook afslag en geld terug-aansporings by verskeie handelaars aan.

Capitec bied toegang tot sy beloningsprogram, sowel as afslag en geld terug-aansporings by verskeie handelaars aan.

Hoewel die lewensdekking by Absa waarskynlik van meer waarde is as wat enige van die ander banke se direkte aanbiedinge bied, is die vier spotgoedkoop brode en koopbewys wat FNB aan sy kliënte bied moontlik 'n groter trekpleister op die kort termyn. Dit is egter in albei gevalle 'n wesenlike waardetoevoeging in hierdie marksegment en beide Absa en FNB se kliënte trek baie meer voordeel daaruit as waarvoor hulle betaal.

Middelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoeftes

In hierdie segment bied al die banke toegang tot hulle onderskeie beloningsprogramme aan. Toegevoegde waarde is egter baie belangrik en aansienlik meer uitgebrei as in die ander segmente.

Absa Ultimate bied afslag by verskeie winkels, geld terug op brandstof, gratis rekeninge vir eggenote (onderhewig aan sekere bepalings), 'n gratis gekoppelde kredietkaart, lewensdekking van R100 000, beskerming teen digitale bedrog, 'n rentevrye oortrokke fasiliteit van R500,00 asook afslag op kliënte se huisleningskoers en vier besoeke aan lughawesitkamers per jaar aan.

FNB Fusion Aspire bied waarskynlik die meeste geld terug en afslag op winkelaankope aan, sowel as geld terug op brandstof, afslag op rekeninge vir gesinslede, 'n gekoppelde kredietkaart, toegang tot sitkamers op lughawens (onderhewig aan sekere bepalings), beskerming teen digitale bedrog en talle ander voordele as deel van hulle beloningsprogram.

Nedbank MiGoals Plus bied afslag by verskeie winkels, geld terug op alle aankope, geld terug op brandstof, toegang tot gratis spaarrekeninge en 50%-afslag by Nu Metro aan.

Standard Bank ACHIEVA bied 'n gratis testament, ongeluksdekking van R10 000, afslag op prokureurskoste wanneer 'n huis gekoop word, afslag en geld terug op verskeie aankope, asook 'n kredietkaart teen afslag op die maandelikse transaksiefooi aan.

In hierdie segment is die die voordele wat aangebied word baie soortgelyk, en die voordele wat ontvang word sal baie afhang van individuele gebruik en gedrag. Absa se lewensdekking van R100 000 en gratis oortrokke fasiliteit staan egter uit wat voordele betref wat nie aan verbruikersgedrag onderhewig is nie.


Hoërmiddelklasinkomste en gesofistikeerde bankbehoefes

In hierdie segment is dit juis die toegevoegde waarde-aanbod wat die hoë administrasiekoste vir verskeie verbruikers die moeite werd maak. Al die rekeninge

bied toegang tot banke se onderskeie beloningsprogramme met maksimum voordele, onderhewig aan sekere vlakke op die beloningsprogram wat toegeken word. Dit sluit in alle gevalle afslag en geld terug in. Al die rekeninge bied ook toegang tot lughawesitkamers, afslag op vlugte en ander voordele in. Al die banke se aanbiedings bied ook toegang tot toegewyde bankiers buite bankure en gekoppelde kredietkaarte aan.

Hoewel daar verskille is in watter lughawesitkamers as deel van die voordeel besoek kan word en hoeveel keer die sitkamers besoek kan word, is daar nie beduidende verskille in die soort voordele wat aangebied word nie.

In hierdie segment is Absa wel 'n uitskieter. Nedbank bied R30-afslag op kostes wat vir 'n oortrokke fasiliteit aangegaan word, terwyl Absa 'n gratis fasiliteit van R500 rentevry sowel as lewensversekering van R100 000 insluit.



Aanhangsel A – Bykomende inligting oor metode en benadering

Hierdie is die finale en korrekte weergawe van die Solidariteit Bankkosteverslag 2026.

Die doel van hierdie studie is nie om kommentaar te lewer op die feit dat Suid-Afrikaanse banke gelde hef of om dit te kritiseer nie. Bankgelde as 'n direkte meganisme om die koste van transaksiebankdienste te verhaal, is nie noodwendig slegter as indirekte meganismes soos om die koste van krediet te gebruik om transaksiebankdienste te kruissubsidieer nie. Hierdie verslag is net 'n vergelyking van die verskillende opsies wat tot die beskikking van Suid-Afrikaanse houers van transaksierekening is.

Die bron van inligting vir hierdie vergelyking tussen verskillende bankrekeninge is die banke se eie webwerwe.

Die gebruik van die banke se webwerwe was 'n manier om alle banke gelyk te behandel met betrekking tot die akkuraatheid en duidelikheid van hulle webwerwe en die akkuraatheid en konsekwentheid van die inligting wat aan die publiek verskaf word. Die inligting wat in die vergelyking gebruik is, is dus dieselfde inligting wat tot die algemene publiek se beskikking is.

Daar is dwarsdeur die verslag gepoog om die jongste inligting te gebruik en om dit akkuraat oor te dra. Die inligting is van die elektroniese brosjures op die banke se webwerwe verkry soos dit in die eerste week van Maart 2026 beskikbaar was, en dit is verder nagegaan om seker te maak dat enige latere veranderinge in ag geneem is. Geringe onakkuraathede kon by die oordrag van inligting ingesluit het, hoewel daar deurgaans na akkuraatheid gestreef is. Om hierdie redes kan die inligting in hierdie verslag nie noodwendig as 'n presiese weerspieëling beskou word van wat op die staat van 'n bankkliënt met enige van die verskillende rekeninge sal verskyn nie. Daar kon dalk veranderinge gekom het ná voltooiing van die verslag, die webwerwe en elektroniese brosjures kan dalk foutiewe inligting bevat, en foute kon ingesluit het met die transkribering en/of vertolking van korrekte data.

Die vyf grootste banke in Suid-Afrika wat transaksierekening aanbied, sowel as aanlyn banke wat die algemene publiek as kliënte teiken, is by hierdie verslag ingesluit. Daar bestaan verskeie ander handelsbanke, koöperatiewe banke en nie-bankverskaffers van finansiële dienste wat meeding met die sewe banke wat hier vergelyk is. Die meeste van hierdie instellings het egter 'n klein geografiese voetspoor, bied net beperkte dienste aan of fokus net op beperkte marksegmente. Om hierdie redes is net bogenoemde sewe instellings by hierdie ontleding ingesluit.

Slegs die koste van transaksierekening is vergelyk. Produkte soos beleggingsrekeninge, huislenings, voertuigfinansiering of besigheidsrekeninge is nie bestudeer nie omdat die koerse en tariewe wat met sulke dienste gepaardgaan in 'n groter mate van persoonlike omstandighede en eienskappe afhang en nie so gestandaardiseer is soos die koste van transaksierekening nie. Nog 'n rede hoekom kredietfasiliteite nie in die vergelyking gebruik is nie, is dat dit nie doenlik is om 'n statiese vergelyking van die groot aantal verskillende opsies, kombinasies, rentevrye tydperke en rentekoerse wat beskikbaar is, te tref nie.

Uitsonderlike gelde soos vir die vervanging van verlore kaarte is nie by die ontleding ingesluit nie. Die insluiting van sulke gelde, wat die meeste kliënte selde teëkom, sal die maandelikse kosteprofiel verwring.

Die verslag sluit nie rekeninge vir kinders, studente, ouer mense, pensioenarisse of spesifieke geloofsgroepe in nie. Die meeste banke bied rekeninge aan wat net vir hierdie groepe beskikbaar is en wat gewoonlik goedkoper is. Jonger en ouer mense moet dus moeite doen om by banke navraag te doen oor produkte wat spesifiek vir hulle ontwerp is. Hierdie produkte is dikwels bykans kostevry.



2026

BANKKOSTEVERSLAG